Louis Jonker, professor in Ou Testament aan die Universiteit Stellenbosch, is vanjaar die wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir sy boek, *Defining All-Israel in Chronicles*.

Oor die aktualiteit van Kronieke vir vandag sê prof Jonker die volgende: "As 'n mens iets wil weet van hoe die Here se volk in veranderde en veranderende sosio-politieke en sosio-godsdienstige omstandighede 'n nuwe identiteit as volk van God gesoek het, moet jy Kronieke lees! Eers was die brandende vraag: "Waarom het ons die beloofde land verloor?" en daarna 'n nuwe vraag: "Hoe kan ons nog volk van God wees te midde van die nuwe sosio-politieke en sosio-godsdienstige omstandighede waarin 'n diversiteit van volkere en godsdienste ook tuishoort?"

Prof Jonker gaan DV Woensdag 31 Oktober en Dinsdagoggend 1 November sy navorsing oor Kronieke bespreek by die NG Gemeente Elarduspark.

Die koste is R200-00 per persoon vir beide dae en dit sluit 'n middagete en verversings in.

Kursusgangers verdien 9 VBO-punte.

Belangstellendes kan 'n e-pos stuur na leonwesthof@ngelarduspark.org.za.